

27 April

Lukas 15:1-3,11 -13

(Teks: 15: 12)

Pa, gee my die deel van my besittings wat my toekom

Geloofsekerheid word deur die Kategismus so onder woorde gebring: EK BEHOORT IN LEWE EN IN STERWE NIE AAN MY SELF NIE, MAAR AAN MY GETROUE SALIGMAKER JESUS CHRISTUS. Het u daardie sekerheid? Kan u sê: As ek nou sterf, lewe ek by God voort? Baie mense sê: Ek weet nie!

Ons wil u op die pad van geloofsekerheid lei deur na die gelykenis van die VERLORE SEUN te kyk.

Hy was 'n normale jongmens - vol lewensvreugde, vol avontuurlus. Dit laat hom planne maak, maar intussen besef hy nie: Die sonde is besig om in my te werk. Hoor hoe praat hy met sy Pa: GEE MY DIE DEEL VAN MY BESITTINGS. Hier staan eintlik dat hy geëis het, 'n uitdaging gerig het. Dit was die begin van die sondepad waarop hy sleg en losbandig geleef het Maar hy het dit nie dadelik besef nie. Sy kop was net vol van alles wat hy gaan doen. Die lokstem van die duiwel het hy nie gehoor nie.

So baie van ons sit met dinge wat ons nie meer as sonde sien nie. Die Here wil egter dat ek sondekennis sal hê. Sonder kennis van my sonde kom ek nooit by geloofsekerheid uit nie. As jy om een of ander rede, soos die Fariseërs, jou buite jouself om as regverdig sien; as jy nie soos Dawid op jou knieë gaan en bid: HERE, WYS MY MY SONDE, kom jy nie op die eerste tree van geloofsekerheid nie.

Is jy seker van Jesus in jou lewe? Die mens wat nie sy sonde ken nie, het nie 'n behoefte daaraan om Jesus te ken nie.

Wie wenend voor die Here buig: wees my, sondaar, genadig. Hy mag die Here prys, want dit is die eerste tree op die pad na geloofsekerheid.

Sing Psalm 119:62,63

Ds. L.D. Aucamp (Cullinan)